

## PRESIDENTSREDE

L LUYT, Triomf. Kunsmis (Edms) Bpk

Die kunsmisbedryf streef voortdurend om by te dra tot die verbetering van boerderytoestande in die Republiek. Hierdie byeenkoms, die 15de in die reeks van Algemene Jaarvergaderings, staan ook in die teken van hierdie motivering. Deur middel van die Misstofvereniging het die bedryf in die verlede groot, hoewel nie altyd erkende, bydraes gelewer tot verbetering in kontant-oesverbouing. Dit is bekend dat in die afgelope dekades die opbrengs van bewerkte gronde geweldig toegeneem het, en dat verhoogde grondvrugbaarheid een van die basiese bydrae hiertoe gelewer het.

Ongelukkig het veeteeltproduksie glad nie hiermee tred gehou nie, en ons het agteruitgang bespeur in die gehalte en omvang van ons weidings. Hierdie sou moes reggestel word aler 'n verbetering in veeteeltproduksie sou kon intree; die aansporing het gekom toe 'n skaarste aan rooivleis 'n prysinsentief daargestel het.

Anders egter as in die geval van kontantgewasse, waar 'n verhoogde oes regstreeks bemark kan word, vereis verhoogde grasproduksie deur verhoogde grondvrugbaarheid 'n dierefaktor voordat vleis geproduseer word.

Whereas the FSSA can play a fundamental role in meat production by providing the know-how and materials for improved grass production, the skills and knowledge of many others, including the Department of Agricultural Technical Services, universities, the meat industry, and disciplines such as pasture science, animal science, management economics, etc are necessary for the efficient conversion of grass to meat.

The FSSA has set out to supply the necessary knowledge and materials for improving soil fertility, to develop pilot projects on the basis of all the know-how which we can extract from various sources in different ecological areas, and to generate interest in the development of the beef industry via grass production and utilization. It is our earnest hope that all interested parties will co-operate in the establishment of the best principles of grass utilization and the dissemination of such knowledge. The FSSA has invited and still invites all parties with vested interests to take up their vital roles in the area of progressing from grass to meat — the interest, response and co-operation so far has been gratifying, and indicative of the responsibility felt by the parties. The FSSA is fully prepared to continue to play a basic and supporting role, and even to provide some co-ordination on a pilot scale, but it is obvious that as development proceeds and intensification gets under way more and more responsibility will devolve on the government, animal husbandry specialists and the meat industry. We hope and trust that these projects which the FSSA has started will snowball as they roll under way, acqieing more and more sponsorship of all vitally concerned on the way to the dinnerplate or the steakhouse.

Terwyl ons oorlegplegings vandag sal wees oor die ontwikkeling en benutting van voedselbronne vir dier en mens, moet u my vergun om 'n kort beskouing te gee oor die bron van voeding vir gewasse, dws die toestand van die nywerheid wat kunsmis moet verskaf aan die landboubedryf, want as weidingbemesting tot sy reg kom kan die aanvraag na kunsmis verdubbel, en u en almal sal omsien na die bedryf om aan die aanvraag ten volle en ekonomies te voldoen.

Die afgelope jaar het 'n groot verandering ingetree op die wêreldtoneel wat die kunsmisbedryf betref. Twee faktore was grootliks hiervoor verantwoordelik. Die eerste is die oliekrisis wat die wêreld oorval het teen die einde van 1973. Hierdie krisis is maar net 'n simptoom van die wêreld se energiekrisis waarmee ons besmoontlik nog 'n heel paar jaar te doene sal hê tot tyd en wyl energieverbruik in die wêreld óf gerasionaliseer is óf opgelos word deur die groot-skaalse toepassing van atoomenergie.

Die tweede is dat die kunsmisbedryf, en meer bepaald die ouere gedeeltes, ook onder die sweep gekom het van omgewingsbewaring in baie van die hoogsontwikkelde lande, vernaamlik omdat fosfaatrotsontginning onsierlik is in bevolkte gebiede en die ouer fabriek omgewings besoedel het.

As gevolg van hierdie twee faktore het kunsmis op die wêreldhandel eensklaps skaars en duur geword. Oornag het die laeprys-oorskotte verdwyn en in stede daarvan dat ons relatiewe klein plaaslike nywerheid in die skadu staan van 'n oorheersende wêreldnywerheid wat maar te graag sy oorskotte hier sou afpak, en dus 'n sekere mate van beskerming moes ontvang, is die drumpels van ons deure deurgetrap deur aanvraers wat enige van ons oorskotproduksie teen aanloklike pryse wou uitvoer selfs na Europa en Amerika.

Danksy die geluk van ons eie steenkoolbronne te lande, wat dien beide as energiebron en roumateriaal vir chemiese vervaardiging, vernaamlik vir stikstofmisstof, en ontwikkelde fosfaatrotsbronne, asook 'n plaaslike ontwikkelde nywerheid wat hierdie kan benut en inspan, kan en sal die Republiek se landbou tot 'n mate die druk, koste en skaarste wat oorsee ontwikkel, vryspring.

Dit is al lankal in sekere kringe mode om die plaaslike nywerheid te verguis, en kort gelede is hier geweldig kritiek uitgeoefen op 'n besluit om 'n nuwe ammoniak- en stikstofaanleg binnelands te vestig op steenkoop as grondstof terwyl oliegebaseerde ammoniak vrylik en goedkoop beskikbaar was van oorsese bronne. Gelukkig vir ons dat versienheid gewen het, en dat soveel kapitaal gewaag is dat hierdie aanleg vanjaar al op dreef kom.

Gelukkig vir ons ook dat, ten spyte van verwyte van monopolistiese neigings, aantygings van uitbuiting en eie belang, ons nywerheid redelik gerasionaliseer en georganiseer is in

hierdie tyd, en 'n taamlike mate van ekonomie van skaal deur hierdie suiwer huishouding kon bereik. Sodoende het ons kunsmispryse slegs opgekrui onder druk van inflasie en tekorte, terwyl oorsee opwaartse prysaanpassings van 50 persent, 60 persent en selfs tot 90 persent amper oornag gemaak moes word om toestande die hoof te bied. Diegene wat met die bedryfseksonomie bekend is sal weet dat die plaaslike prestasies nie behaal sou kon word sonder die voordele wat gevloei het uit die samevoeging van die kleiner maatskappye hier te lande in die laat sestiger jare nie, met al die voordele wat ekonomies daaruit gevloei het.

Jammer egter dat ons nog aan die ou prysbeheerstelsel vas-klou wat alle stappe tot verbetering net as 'n eenmalige voordeel aan die bedryf gee, en dus alle inisiatief in hierdie rigting demp.

Ons staan in 'n goeie landboujaar, en dit kan verwag word dat die aanvraag na en die uitset van kunsmis onder die omstandighede gunstig vir kunsmismaatskappye sal verloop.

Ongelukkig is ons aanlegte heeltemal vol beset omdat uitbreiding agterweë gehou is onder ons prysvasstellingskema, en waar ons laasjaar nog redelike profyte op die buitelandse mark kon maak waar dubbelsuperfosfaat verkoop is teen R185 teenoor R86 plaaslik sal ons die omset binnelands beskikbaar moet stel hierdie jaar om ons eerste pligte na te kom tot nadeel van ons wins. Laasjaar het die binnelandse mark minder as helfte van ons winste bygedra, en u kan besef wat die gevolge vanjaar sal wees.

Ons het nou die stadium bereik waar huidige aanlegte vervang en/of uitgebou moet word met of tot groter, meer doeltreffende eenhede, wat die huidige kapitaalbelegging na kleingeld sal laat lyk, maar prysbeheer se lae toelating vir kapitaalrendement en die verwagting dat aanlegte onmiddellik tot 80 persent beset moet word, maak dit enersyds bykans onmoontlik om aandeelkapitaal te bekom en ander-

syds onmoontlik om 'n geskikte grootte vir die toekoms te bou, sodat ons die kans om groot nuwe eenhede wat 'n daadwerklike bydrae tot goedkoper kunsmis in die toekoms kan lewer verbeur met ons kortsigtige stiptheid op minimumpryse vir die hede.

Om op groot skaal te werk, en die voordele van verlaagde eenheidskoste te verkry, is groot kapitaal nodig, en die rendement wat vandag beskikbaar is in hierdie nywerheid is net nie genoeg om sulke kapitaal te lok nie. Dit was al die afgelope paar jaar herhaaldelik nodig vir verskeie leiers in die bedryf om te waarsku dat ons net nie kan kompeteer met nywerhede en beleggingsmoontlikhede vir kapitaal op die Suid-Afrikaanse mark nie.

Dit sal 'n ramp wees as die kapitaal vir die ontginning van ons eie bronne, wat nou so rooskleurig in die toekoms lyk gesien teen wêreldtoestande, deur kortsigtigheid nie beskikbaar word nie. As ons boere en die mense wat regstreeks getref gaan word deur so 'n gebeurte maar tog sal begryp dat dit net so onwys is, en dieselfde gevolge het, om rooibou op kapitaalintensiewe nywerheid te pleeg as op landbougrond, en dat die korttermyn voordele van onrealistiese lae pryse van nul en gener waarde is vergeleke met die langtermynnadele van verspeelde kans en 'n gekniehalterde bedryf.

Laat ons dan 'n breë uitsig hê, besef dat kapitaalrisiko behoorlik vergoed moet word, en ons sal die langtermyn voordele daarvan pluk vir ons hele land. Ons sal moet verstaan dat ons voortaan op ons eie toegewys is, dat ons wel en ons weë van ons eie deurdagtigheid afhang, en dat ons selfs sal ondervind dat ander lande omsien na ons vir kunsmisvoorrade. Ons verwag nie dat ons binnelandse verbruik enige bedreiging van die buitelandse mark moet subsidieer nie, maar omgekeerd kan ons nie toelaat dat moontlike oorsese voordele binnelands verswelg sal word deur onekonomiese afset nie — in so 'n geval sal ons die gulde kans om ons eie toekoms te verstewig en steeds tot bevordering van ons boerdery by te dra, vir altyd verloor.